


RESUMÉ

Gerhard van Huyssteen (49) is professor in Afrikaanse Taalkunde en Rekenaarlinguistiek aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; vanaf 2013 tree hy op as voorsitter van dié liggaam. Vanaf 2009-2014 dien hy op die paneel van mensetaaltegnologieskundes van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundenavorsing vir sy aandeel in die publikasie van die tiende uitgawe van die "Afrikaanse Woordelys en Spelreëls", en ontvanger van die Stalsprys vir inter- en multidissiplinêre navorsing. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige in die ontwikkeling van tekstelektrotoepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans, asook vir sy taalvasvraprogramme op Radio Sonder Grense en kykNET.

www.gerhard.pro



*Gerhard B
van Huyssteen*

Gerhardus Beukes van Huyssteen

Gerhard van Huyssteen (49) is professor in Afrikaanse Taalkunde en Rekenaarlinguistiek aan die Noordwes-Universiteit. Hy ontvang in 1997 en 2001 toekennings vir voortreflike onderrig en in 1999 'n toekenning van die Studenteraad as beste dosent in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Twaalf MA/MIng-studente het reeds onder sy leiding afstudeer (waarvan elf met lof), terwyl drie studente onder sy leiding gepromoveer het.

Sy navorsing fokus meestal op die Afrikaanse morfologie, oor onderwerpe soos die samestellings in Afrikaans en Nederlands, die verbindingsklank, afleidings van plekname, meervoud en verkleining, aanspreekvorme, die reduplikasiekonstruksie in Afrikaans, en so meer. As houër van die gesogte Elizabeth Eybers-beurs bring hy in 2004 'n uitgebreide navorsingsbesoek aan die Universiteit van Tilburg (Nederland), en in 2008 ontvang hy 'n finansiële toekenning van die NNS, wat hom in staat stel om vir vyf maande aan die Universiteit van Antwerpen (België) navorsing te doen en op te tree as gasdosent.

Van Huyssteen het meer as negentig referate gelewer by nasionale en internasionale kongresse, terwyl 31 internasionale en 38 nasionale wetenskaplike publikasies onder sy en sy medewerkers se naam verskyn het.

Sedert 2005 dien hy op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en ontvang as lid van dié kommissie in 2009 die CL Engelbrecht-prys vir wetenskaplike taalnavorsing. In 2015 ontvang hy ook die Stalsprys vir inter- en multidissiplinêre navorsing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy dien sedert 2013 as voorsitter van die Taalkommissie.

Sedert 2011 werk Van Huyssteen ook onverpoosd aan die oprigting van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), wat in Februarie 2015 as maatskappy sonder winsmotief geregistreer word. Hy dien van 2015-2018 as die eerste uitvoerende direkteur van die maatskappy, met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ATKV, Noordwes-Universiteit en Trust vir Afrikaanse Onderwys as stigterslede.

Hy hou hom oor die afgelope aantal jare ook veral besig met die ontwikkeling van taaltegnologiese hulpbronne en toepassings vir Afrikaans. So byvoorbeeld was hy die projekteier vir 'n projek waar 'n Afrikaanse speltoets, grammatikatoets, tesourus en woordafbreker vir Microsoft Office ontwikkel en kommersieel vrygestel is. Van Huyssteen het sedert 1999 eksterne befondsing (produkverkope en befondsingsaansoeke) ter waarde van meer as R100 miljoen vir die instellings waar hy werk, verkry.

Vanaf 2009 tot 2014 dien hy as lid van die Departement Kuns en Kultuur se ministeriële paneel van kundiges vir mensetaaltegnologie in Suid-Afrika, en hy dien tans steeds in die bestuurskomitee van die mensetaaltegnologienetwerk vir samewerking tussen Suid-Afrika, Nederland en België.

Hy verwerf sedert 2012 bekendheid as die samesteller en aanbieder van 'n taalvasvraprogram op Radio Sonder Grense. Hy is ook konseptualiseerder en medeaanbieder van die gewilde kykNET-program *Op die Spel*, wat in 2015 vir die eerste keer gebeeldsind word. Ook het hy in sy privaat hoedanigheid saam met 'n Nederlandse onderneming gewerk om 'n taalvasvrawebwerf en mobiele toepassing (www.beterafrikaans.co.za) vir Afrikaans te ontwikkel, wat in 2018 aan die ATKV oorgedra is.

Gerhard is gebore en getoë in die hartland van die Noordwesprovinsie, met Afrikaans diep gewortel in sy bestaan. As kind het sy pa hom saans met die *Groot Verseboek* van Opperman droomland toe voorgelees, terwyl *Afrikaanse Treffers* en *U Eie Keuse* op die destydse Radio Suid-Afrika die grondslag gelê het vir sy liefde vir ligte Afrikaanse musiek. Uit hierdie verbonde aardsheid spruit Gerhard se energie en passie vir tale, mense en ander eienaardighede.